Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

Die Demokrasie kan nie met die Demokrasie beveg word nie.

Die Stem





'n Politieke Party is deel van die Britse Demokrasie.

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 8 JULIE 1942. No. 35.

Volkseenheid Wag Ongeduldig op Mobilisasie

Gesamentlike Optrede Noodsaaklik en Moontlik op Gemeenskaplike Grondslag

Die nasionaalgesinde Afrikanerdom is republikeins gesind, so sterk republikeins dat elkeen en almal van hulle 'n republiek in Suid-Afrika wil hê los, vry en afgeskeie van die Britse Ryk. Dit is die gemeenskaplike grondslag waarop hierdie Afrikanerdom se eenheid berus. Die nasionaal- en daarby republikeinsgesinde Afrikanerdom is dus 'n eenheid en daardie volkseenheid is sterk en magtig genoeg om sy wil te laat geld, afgesien van die bestaan van die verskillende volksorganisasies en partygroeperings.

Die betekenis en mag van hierdie republikeinse volkseenheid word ongelukkig nie deur die volk self besef en as mag aangewend in sy stryd nie. Die rede is dat die volk deur partypolitici sedert die afgelope veertig jaar onder die indruk gebring is, en onder daardie valse indruk gehou word, dat volkseenheid langs partyweë deur middel van een of ander politieke party alleen verkry kan word of kan bestaan. Die gevolg is 'n gedurige wedywering tussen partymanne wat nog nooit in die geskiedenis daarin geslaag het om almal onder een partybanier en die hele volk in een enkele party-organisasie saamgesnoer te kry nie.

Een groot gesamentlike volksaksie in krisistyd vir 'n omwentelingsaksie tot vryheid en onafhanklikheid is die onverbiddelike vereiste vir welslae.

Daarom sê die O.B.-leiding as volksaksiebeweging dat die volk gedissiplineerd en inwendig gekonsolideerd so voorberei moet word dat hy deur sy voorbereiding sterk genoeg moet wees om enige geleentheid wat hom mag voordoen, of deur sy voorbereiding self geskep mag word, aan te gryp om vry te word en om enige middel wat die omstandighede waarmee so 'n geleentheid gepaard gaan, aan te wend.

Vir die voorbereiding van die volk tot een gesamentlike volksoptrede is staking van onderlinge party- of groepwedywering om baasskap noodsaaklik. Daar moet geen stemmevangery en volgelingsoekery vir persone of partye wees nie, maar mobilisering van alle republikeinsgesinde Afrikaners vir die Republiek, die praktiese aanwending van die reeds bestaande onvernietigbare volkseenheidsgees vir die Republiek.

Daar is behalwe hierdie republikeinse eenheid van die H.N. Party, Afrikanerparty, Nuwe Orde-groep en O.B.-lede ook die volkseenheid van bloed (afkoms). Selfs by nader ontleding is daar, blykens onlangse verklarings van Partymondstukke en hul handelwyse, ander uiterlike tekens van eenheid. So is daar o.a. by voorbeeld die aanvaarding van die groen, oranje, wit en blou as die vlag vir die Republiek deur dr. Malan en sy aanhangers — die vlag van die Ossewabrandwag, om nie eens te praat van die aanvaarding by wyse van navolging van die O.B. se organisasiestelsel, die voorheen gewraakte witrok en erewagte en verskillende hervormings van nasionale en sosiale aard soos vervat in die O.B.-beleidsverklaring. Al hierdie groepe en partyformasies bely die aanvaarding van die noodsaaklikheid van 'n komende nuwe orde, net soos hulle die koms van die republiek verwelkom.

Met hierdie feite voor oë vra ons nou die leiers van die H.N. Party: waarom veg julle teen mede-Afrikaners binne hierdie volkseenheid? Is dit teen persone, en indien wel, is die persone teen wie julle veg dan nie lede of leiers in die organisasies wat saam met die res van die volk tot die groter volkseenheid wat op een en dieselfde grondslag berus, en vir een en dieselfde doel veg, behoort nie?

Die volkseenheid wag ongeduldig op mobilisasie wat nooit en nimmer deur een party alleen nie, maar slegs gesamentlik deur almal aangepak kan en moet word.

Daar is met die oog op gebeure hier in die vaderland en in die buiteland praktiese volksoptrede nodig, optrede deur almal saam binne die tans bestaande republikeinsgesinde partyformasies en volksorganisasies om volk en vaderland te red.

Wie, watter leier van watter een van die organisasies, gaan die roepstem van volksbelang veronagsaam?

Die O.B.-leiding sê: Kom Afrikaners, kom ander volksorganisasies, laat ons antwoord op die roepstem!

WAT IS HUL HOUDING INSAKE JAPAN?

Genl. C. A. Pienaar van Natal vestig die aandag op 'n saak wat nie van alle belang ontbloot is nie. Hy toon aan dat die H.N. Party nog nie so 'n duidelike standpunt betreffende Japan ingeneem het soos die Ossewabrandwag gedoen het nie. In sy onlangse toespraak in Johannesburg het dr. Malan hom as volg oor die vraagstuk uitgelaat: **„Nou dat genl. Smuts ons verseker dat Japan nie dreig om in te val nie,** weier ons om gehoor te gee aan 'n oproep tot hulp aan sy oorlogspoging."

Genl. Pienaar wys daarop dat ons van hierdie woorde moet aflei dat die Party **wel** gehoor sal gee indien Japan ons sou binneval en dat ons dan skouer aan skouer met die hotnot en naturel sal moet veg — wat in so 'n geval ook deur Smuts bewapen sal word. Hy voer aan dat dit 'n afwyking is van die Party se beleid van 1940, soos geformuleer deur die Federale Raad, naamlik: „Dat die oorlog sover dit ons betref, **op geen stadium** as 'n verdedigingsoorlog beskou kan word nie, en dat, waar ons hier met 'n aanvalsoorlog te doen het, die verpligtings wat onder die Verdedigingswet op burgers gelê kan word, in hierdie geval daarom nie regmatig van hom afgeëis kan word nie."

Ten einde verwarring te voorkom, is dit nodig vir die Partyleiding om hom vroegtydig oor hierdie vraagstuk uit te spreek.

VRIENDSKAPKAMER GEOPEN OP MALMESBURY

Veldkte. B. Redelinghuys van Malmesbury deel ons mee dat die O.B.-konmmando daar sy eie vriendskapkamertjie geopen het waar O.B.-lede elke Vrydag gesellig byeenkom en saam koffie drink. Elkeen het iets bygedra in die vorm van teegoed, lepels, stoele, ens. Mense van buite die dorp maak gebruik van die kamer wanneer hulle inkopies doen deur hul pakkies daarheen te stuur. 'n Stel boeke is aangeskaf terwyl boeke ook van die Vereniging vir Boekverspreiding ontvang is. Sy raai alle kommando's aan om soiets te begin, aangesien dit wonderlik is om te sien watter gees daar onder die mense heers.

Schoemannello-Drank

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

	PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels.	PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels.	PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer.
WYNE:			
Fonkelwyn	5/-	5/-	—
Lewenswyn	3/6	3/6	—
Vermouth	2/6	2/6	—
Hanekraai-Cocktail	3/6	3/-	—
Likeurwyn	2/-	1/8	8/6
Jeripigo, Rooi	1/3	1/1	6/-
Jeripigo, Wit	1/3	1/1	6/-
Soet Muskadel	1/2	1/-	5/6
Port	1/2	1/-	5/6
Worcester Hock	1/1	11d.	5/-
Pontak	1/1	11d.	5/-
Spesiale Sjerrie	11d.	10d.	4/6
Sjerrie	10d.	9d.	4/-
BRANDEWYNE:			
Schoemanello	5/9	5/-	26/6
Ekstra Spesiaal	5/6	4/9	25/-
F.C.	5/-	4/3	24/-
JENEWER	6/-	5/-	—
LIKEURS:			
Kersie-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Anys-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Gemmer-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Lemoen Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Peperment-Likeur	5/-	4/3	24/-
Van der Hum	5/-	4/3	24/-
JENEWER LIKEURS:			
Lemoen Jenewer	6/-	5/-	—
Suurlemoen-Jenewer	6/-	5/-	—

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

Die Trop Afrikaners . . . .

VENTERS

Algemene Handelaars

Teekamer en Garage

van CAPITOL PARK

(Foon 2-6614)

Is My Handelsplek

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

FAMILIEGEES IN OSSEWABRANDWAG

Vroue van Gevangenes Betuig Hul Dank vir Hulpvaardigheid

Ons het verskeie keer al berig ontvang van die goeie werk wat deur die Ossewabrandwag-vroue in Bloemfontein gedoen word in verband met versorging van gevangenes. Tans het briewe van 'n paar vroue wie se mans in die gevangenis verkeer, ons bereik waarin hulle met die grootste dankbaarheid gewag maak van die hulp wat aan hulle deur die Ossewabrandwag verleen word. Uit die briewe straal ook die onbuigbare gees van die Boerevrou wat deur geen verdrukking of lyding van koers gebring kan word nie.

In 'n brief aan die Vrystaatse hoofkwartier versoek mev. E. F. Rautenbach dat haar dank oorgebring moet word aan almal wat so vriendelik help en meegevoel betuig. „Dit is vir my bitter swaar, want daar was geen rede voor nie," skryf sy met verwysing na haar man se opsluiting. „Maar miskien sal ons oor 'n paar jaar sê: dank God vir die steile weg wat ons moes bewandel het terwille van nasietrou en nasietrots. Die organisasie verdien Gods seën, en ondanks Satan se magte wat probeer om dit te vermorsel deur skeurings en internerings, brand die lig nog voor in die pad wat wink en aanspoor en opbeur. Die les van getrouheid is hard, maar met 'n doel voor oë is ons bereid en gewillig. God sal die krag daartoe gee."

Die ander vrou verkies dat haar naam nie geopenbaar moet word nie. Sy skryf: „Ek wens u kan die gees onder ons mense sien. Hulle is tog so goed vir ons en val eintlik oormekaar om iets vir ons te doen. **Selfs mense wat destyds afgeval het en ander wat nog nooit aan die beweging behoort het nie, praat nou net van die familiegees. Ek is oortuig hierdie beweging is van God ingestel. Een en almal, van die hoogste offisier, kom self kyk of ons iets nodig het. Ons het hier 'n dokter wat vir ons alles verniet doen. Ons het net nodig om bewys te kry van die kantoor dat ons lid is en dat die broodwinner die huis ontval het. Sulke mense kan ons nooit terugbetaal nie. Maar ons bede is dat God hulle na sy rykdom sal vergoed."**

Die Kommandante van Bloemfontein, mev. Helena van der Merwe, wat so 'n groot aandeel gehad het in die versorging van gevangenes en hul afhanklikes, se man is ook onlangs saam met die A.K.G. van die Vrystaat in hegtenis geneem. Daar is nog geen aanklag teen hulle ingebring nie.

Afrikaners Tree Gesamentlik Op

'n Voorbeeld van hoe daar nog gesonde samewerking tussen lede van die Ossewabrandwag en die Party kan wees op gemeenskaplike terrein, word gevind in die onlangse skoolkommissie-verkiesing in Hottentotsholland.

'n Dag voor die verkiesing is dr. Van Nierop deur die O.B.-kommandant, mnr. Hougaard, genader om uit te vind wat die Party voornemens was om te doen. Die Party het egter nog geen aandag aan die saak geskenk nie, en daar en dan is deur die twee besluit om gesamentlik op te tree. Dr. Van Nierop het mnr. Hougaard benoem as kandidaat, terwyl drie Partylede, nog 'n O.B.-lid en twee predikante wat buite die politiek staan, as die ander kandidate aangewys is. Die organisasie is deur die Ossewabrandwag waargeneem met die gevolg dat al sewe Afrikaanse kandidate verkies is.

Die optrede op ander plekke soos Barrydale en Alexandria waar Engelse in die plek van O.B.-lede gekies is omdat die Party sy steun liewer aan Engelse verleen het as aan O.B.-gesinde Afrikaners, steek skril af by hierdie pragtige voorbeeld van volksoptrede.

Dr. Van Nierop het dan ook die O.B.-werkers bedank vir hul daadkragtige optrede.

W. VOIGT BPK.,

HUGENOOT.

Fabrikante van . . .

Kelder en Besproeiings

Masjienerie,

Sleepwaens,

Boerewaens, Ens., Ens.

Foon: Paarl 23.

Posbus 10, Hugenoot.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre Mark

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.

Beste Hoersende Pryse.

MINNAAR & VAN SCHOOR.

Eienaar: Gustav Retief.

Telefoon 2-0212.



SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:

Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.

DIE TAKBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.

DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

DIE OORLOG IN EGIPTE

Verowering sal Geweldige Terugslag Vir Brittanje Beteken

Die opspraakwekkende oorwinnings van die Spilmagte in Noord-Afrika skyn in hierdie stadium van groter militêre as politieke betekenis te wees.

Op politieke gebied het die gevaar bestaan dat die Britse mening, wat as gevolg van die propagandistiese berigte oor die verloop van die stryd voor die val van Tobruk, 'n geweldige skok gekry het, moontlik teen die huidige regering kon draai. Soiets sou inderdaad van verreikende, indien nie van deurslaggewende betekenis vir die voortsetting van die oorlog gewees het. Indien Churchill in hierdie stadium gedwing sou word om te bedank, is dit twyfelagtig of die Britse moraal die skok sou oorleef het. Dit is daarom begryplik dat regeringsondersteuners hul bes gedoen het om die wantrouemosie in die Laerhuis te vermy. Churchill het egter besef dat opsyskuiwing van so 'n mosie nie net alleen vir die Britse moraal, maar ook vir dié van die bondgenote ondermynend sou wees. **Hy kon dit waag om die mosie tot stemming te bring, aangesien hy onder die parlementêre partystelsel maklik in staat is om die indruk van solidariteit te skep. Deur middel van partytug word die stemme so beheer dat tientalle ontevredenes nie verder as die koukus met hul proteste kom nie.** Bespreking van en stemming oor die mosie kan slegs 'n skyn van eenheid gee en daarby dien as 'n nuttige uitvoerbuis waarlangs die ontevredenheid afgeblaas kan word.

NIEMAND ANDERS

Sover dit die Britse volk betref, kan daar ook nie te sterke kritiek op Churchill uitgebring word nie. Die Bondgenote kan dit nie vandag waag om die teuels aan iemand anders as Churchill oor te gee nie. Hierdie opvolger van Chamberlain met sy betowerende redenaarsvermoë en breë glimlag in tye van volksnood, is vir die Brit en sy bondgenote die verpersoonliking van die John Bull-tipe. Daar is niemand anders in wie daar genoeg vertroue is om hom vandag op te volg nie. Daarom dan ook dat 'n Australiese politikus reeds verklaar het dat hulle liewer nog meer veldslae kan verloor as om Churchill te verloor. In hoever die propagandawaarde van 'n staatshoof sy deugde as militêre strateeg oortref, sal die onmiddellike toekoms wel leer.

Die ander politieke betekenis wat saamhang met die Noord-Afrikaanse veldtog, is die invloed van Brittanje in die Midde-Ooste. Die vraag is watter houding gaan die Arabiere en Turke inneem indien die Britte uit Egipte verdryf sou word. Dit is dan ook om hierdie rede dat die mening in Engeland uitgespreek word dat dit die kritiekste oomblik in die hele oorlog vir Engeland is.

ONTRUIMING?

Militêr is die opmars van Rommel van die uiterste betekenis. Die feit dat aan die lig gebring is dat die Britte nie in staat is om met wapens te voorskyn te kom wat die Duitse krygstuig op gelyke voet kan aandurf nie en dat daar verder gekla word dat Engeland nie generaals het wat vir die Duitse leërleiding kan kers vashou nie, moet 'n uiters nadelige invloed uitoefen op die Britse vegmoraal, en die voorgenome tweede front by voorbaat al laat wankel.

Besetting van Egipte en die sterk vlootbasis Alexandrië sal die Britte genoodsaak om die stryd in die Middellandse See op te gee. Om eenvoudig te verskuif na Haifa onderwyl die Duitsers in besit van die Suez-kanaal kom, sal vir Engeland beteken om sy Middellandse vloot aan sy lot oor te laat. Uitkomkans sal daarna alleen by Gibraltar wees, en die lotgevalle van twee konvooie onlangs wat gepoog het om maar net tot by Malta en Tobruk te kom, het getoon dat so 'n onderneming gelyk aan selfmoord te staan sou kom.

Indien Rommel dus slaag om Egipte te verower, bly daar vir Engeland net een weg oop, en dit is grootskaalse ontruiming van die Middellandse See-gebied. Soiets sal Duitsland in staat stel om 'n aanval op Sirië te loods sonder die noodsaaklikheid om Turkse gebied te skend. Groot Oliebronne sal dan binne bereik van die Spil gestel wees.

Ondersteun ons Adverteerders.

SPOORBONDKAS BEPERK sê VOORKOM TELEURSTELLING

Slegs 'n geringe aantal
„B"-AANDELE
5% kumulatiewe voorkeuraandele
teen £1 elk nog verkrygbaar. Dit is u laaste kans.
Stuur navraagvorm onmiddellik.

Navraagvorm.

Die Sekretaris, Spoorbondkas, Beperk,
Bus 8289, Johannesburg.

Waarde Heer,
Stuur my a.u.b. per kerende pos 'n aansoekvorm om aandele.
Die uwe,

Volle naam .....
.....
Adres .....
.....

Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkooptse manier om u sukses in die lewe te verseker.

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in.....

Naam:.....

Adres.....

(O.B. 27 Mei 1942) .....

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

Helpmekaar

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG.

Posbus 3512. Foon 22-3512.

105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

DIE KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD

Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen,
Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

TE KOOP

Opreg en Suiwergeteelde
WANGANELLA-SKAAP RAMME
FRIESLAND BULLETJIES
en
GLADDEHAAR BOERBOK-RAMME
Pryse Billik!!
Tevredenheid Gewaarborg.
Besonderhede van:
T. B. JORDAAN
P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-OOS.

DIE O.B., WOENSDAG, 8 JULIE 1942.

Ter Verwesenliking Van 'n Nagmerrie

Die ramp wat Suid-Afrika getref het toe 'n politieke party met behulp van die Britse demokratiese stelsel hom in Brittanje se oorlog gestort het, is in die afgelope weke sterker omlyn deur die gebeure in Noord-Afrika.

'n Groep uitlandse ,,patriotte'' is deur die partystelsel in staat gestel om namens die Boerevolk oorlog te verklaar teen 'n volk wat ons nog nooit anders as vriendskaplik gesind was nie. Ons volk is opgevorder om vir die behoud van die stelsel wat hom in die ongeluk beland het, te gaan veg. Die oorlogskreet is immers ,,veg vir die demokrasie!'' As daar geen Britse demokrasie of, soos ons dit ken, partystelsel was nie, sou die Boerevolk nog baas in sy vaderland gewees het en sou hy nog vry gewees het om die vriendskap te bewaar met volke wie se vriendskap hy beslis verkies bo die belangstelling van die Britse Imperialis. Deur middel van die partystelsel is hy egter van sy vrye keuse ontneem en moet die Boer hom vandag as 'n vreemdeling in sy eie vaderland skuilhou. Alleen wanneer hy bereid is om in belang van die Britse demokrasie en die wêreldgeldmag teen bevriende geesgenote te gaan sneuwel, ontvang hy bevordering van die rang van vyfdekolonner tot dié van patriot.

Genade van Vreemdes.

Onder die uiterste dwang en misleiding is 'n groot aantal Afrikaners beweeg om hulle diensbaar te stel ter verdediging van hul land — immers, so is aan hulle gesê. In plaas van Suid-Afrikaanse bodem het hulle spoedig die sandduine van die Libiese woestyn betree en wel onder bevel van manne aan wie die taak opgedra is om nie Suid-Afrika nie, maar die King and Country van 'n angelsaksiese eilandbevolking te beskerm. **Die lot van die Afrikaanse seuns word gestel in die hande van hierdie vreemdelinge wat vanselfsprekend geen gevoel vir Suid-Afrika het nie, maar uit die aard van die saak selfs bereid sou wees om die hele Afrikaanse vasteland met al sy inhoud in te boet vir die veiligheid van hul eie moederland in die nabyheid van die Noordpoolsee. Australië, Nu-Seeland en talle ander het reeds hierdie waarheid prakties ondervind.**

Ons het dus die posisie dat die oorlog teen die uitdruklike wil van die Boerevolk verklaar is, dat Afrikaanse seuns in die waan dat hulle hul vaderland verdedig, in die oorlog gedwing is om daarna geoffer te word deur Britse priesters vir die behoud van die Britse Ryk en die Britse demokrasie — die stelsel waardeur hul volk van sy seggenskap beroof is!

Intussen word nog groter inspanning van die agterblywendes geverg deur 'n oorlogspropaganda wat die gevaar reeds so naby aan ons g.'nse sien dat die een stad na die ander gedwing word om in donkerheid te vernag. 'n Mens sou reken dat as die gevaar so dreigend is dat dit al noodsaaklik geword het om ons kuste, ja selfs ons binneland te verdonker, die uitlandse patriotte darem terwille van hul eie veiligheid alle beskikbare mannekragte sou terugroep na die Unie om te help verdedig. **Maar inteendeel doen die partyleier in wie se hande die bestuur van die land geval het, 'n beroep op nog meer Afrikaners om die leë plekke in Egipte te gaan vul! Al sou so 'n optrede as wyse beleid vertolk kan word, dan was selfs die toepassing 'n grootse fiasko. Onder bevel van Britse aanvoerders moet die Boereseuns die oorlogstradisie van hul volk aan die Middellandse See gaan handhaaf en die geleentheid wat hulle vir die bestendiging van daardie roem gebied word, is om te dien as die gedoemde agterhoede van 'n trop vlugtende Tommies!**

Die Bedreiging.

En onderwyl ons volk se skrale geledere op die Egiptiese woestynvlaktes uitgedun word om 'n aanval te stuit wat die Egiptenare self weier om te weerstaan, word die grootste bedreiging van die blanke beskawing hier in ons land met amptelike feestelikheid onthaal. Gelyktydig met die ramp in die Noorde het 'n politikus wat die amp van Minister beklee, in Johannesburg ter ere van sy Kommunistiese gaste 'n loflied aangehef oor die onsterflikheid van die Russiese gees.

Die enigste gevaar wat Suid-Afrika met sy miljoene gekleurdes inderdaad bedreig, is die Russiese gees wat strewe na die uitwissing van alle grense en die heerskappy van die onontwikkeldes. Vir die behoud van hierdie gees is Engeland gewillig om kanonne en tenks te verskaf; vir die behoud van hierdie gees is Smuts en Hofmeyr gewillig om Boerebloed in Libië en Egipte te stort, en vir behoud van die stelsel wat so 'n nagmerrie werklikheid maak, is daar monse gewillig om die Ossewabrandwag te vernietig.

DIE WEG TOT EENHEID

In 'n artikel in hierdie uitgawe word 'n beroep gedoen op alle Afrikanerleiers en organisasies om die geledere te sluit in belang van ons vryheid. As grondslag vir hierdie eenheid word aanbeveel die gemeenskaplike republikanisme wat ten grondslag van die nasionaalgesinde groepe lê. Daar word ook beklemtoon dat daardie eenheid verkry kan word deur staking van die stryd teen mede-republikeine oor ondergeskikte puntjies van gewaande verskil.

Ten einde enige misverstand by voorbaat uit te sluit, is dit nodig om die standpunt van die Ossewabrandwag duidelik uiteen te sit ten opsigte van so 'n republikeinse eenheidsfront.

Die weg tot eenheid is lank gelede deur die Ossewabrandwag aangewys. Dit kom eenvoudig daarop neer dat alle stryd teen republikeinse organisasies en persone gestaak moet word. Geen ooreenkomste op papier of andersins is nodig nie, slegs 'n staking van aanvalle op mede-republikeine. **Die verlede het getoon dat elke ooreenkoms juis die oorsaak geword het van groter stryd.** Sodra formele ooreenkomste aangegaan word tussen mense wat tog eenders voel oor die vraagstuk van vryheid, word daar moontlikhede vir wrywing geskep. **Die huidige stryd tussen die Ossewabrandwag en die Party het dan juis sy grond in vorige ooreenkomste wat deur die een of ander verbreek sou wees.** As daar geen ooreenkoms was nie, kan niemand die ander beskuldig het van woordbreuk nie, soos die geval juis was.

Maar ook op onregstreekse wyse het die stryd sy ontstaan in 'n ooreenkoms, naamlik die formele besluit dat daar binne die Party nie propaganda vir sogenaamde vreemde ideologie gemaak moes word nie. **Verskillende persone hou verskillende menings daarop na oor wat vreemd is en wat nie.** Die gevolg was noodwendig 'n beskuldiging van een kant dat die ander die ooreenkoms verbreek het. **Dit het gelei tot 'n dreigende skeuring binne die Herenigde Party wat ook tot die O.B. se geledere kon deurdring en waarteen dr. Van Rensburg toe betyds gewaarsku het — die oorsaak van dr. Malan se oorlogsverklaring.**

Om na al hierdie lesse nou weer eenheid langs die weg van formules en kontrakte te probeer bereik, sou eenvoudig dwaas wees. Die Ossewabrandwag se beleid is dus dat die stryd aan weerskante gestaak word, en dat elke organisasie sy kragte inwerp ooreenkomstig sy wese en aard tot verwesenliking van ons gemeenskaplike ideaal. Hiertoe nooi hy dan ook almal uit wat waarlik volksbelang bo eie- en groepbelang stel. Dit is die **enigste** weg tot handhawing van ons republikeinse eenheid.

Gedagte Vir 8 Augustus

As u voorgeslag bereid was om al hul besittings in die stryd om vryheid te verloor en in hul stryd volhard het selfs toe hul wonings afgebrand en gesinne weggevoer is, is u dan nie bereid om maar net 'n geringe deel van u jaarlikse inkomste af te staan vir dieselfde vryheid en dieselfde Republiek nie? Op 8 Augustus kan u u deel bydra.

MANNE IN TRONK BETUIG DANK AAN O.B.

Die volgende dankbetuiging aan die Ossewabrandwag en ander vriende is deur die groep Afrikaners wat hulle tans in die Pretoriase tronk bevind, deur mnr. P. S. McDonald aan Die Vaderland oorhandig:

,,Dit is aan my opgedra deur die groep Afrikaners wat hulle tans in die Pretoriase tronk bevind weens beweerde hoogverraad en oortreding van die noodregulasies, om nogeens hulle innige dank en waardering jeens die Ossewabrandwag uit te spreek vir die sorg aan hulle betoon deur die daaglikse sending van smaaklike kossoorte. Nie alleen skenk hierdie belangstelling fisiese versterking nie, maar dit skep ook geestelike vertroosting in die verkwikkende gedagte dat hulle nie as sluwe misdadigers deur hulle volk geminag en verwerp word nie, maar inteendeel, as mede-Afrikaners beskou en behandel word wat deur die ongelukkige draaikolk van omstandighede in 'n toestand geplaas is waarna hulle nie doelbewus gesoek het nie. Hierdie hulp en bemoediging vanweë die O.B. en simpatieke vriende(inne) bied inspirasie om die toekoms met groter en sterker vasberadenheid tegemoet te gaan en dien terselfdertyd ook as aansporing om, selfs daar in die koue dieptes van die sel, die vaandel van hul volk hoog te dra totdat die dag sal aanbreek dat hulle weer hul regmatige plek in die maatskappy sal kan inneem.''

K.G. Gee Versekering

Op sy vergadering te Springs voorverlede week het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, die volgende verklaring gedoen met betrekking tot die behandeling van gevangenes in die tronk:

,,Die Minister van Justisie, dr. Colin Steyn, moet verantwoordelik gehou word vir al die sabotasie wat daar gepleeg is. Solank hy aangaan om sy volksgenote so te behandel, kan hy nie verwag dat hulle moet stilsit en toesien nie. **Ek gee elke twyfelaar egter die versekering dat daar geen enkele O.B.-bevel uitgegaan het om sulke dade te pleeg nie.** Ek herinner aan die antwoord van genl. De Wet toe hy op aanklag van hoogverraad verskyn het. Die regter het gevra waarom hy dan nie die konstitusionele weg gevolg het nie en sy antwoord was: ,,Daardie weg het doodgeloop. Die Minister moenie dat die O.B. ook tot die oortuiging kom dat die konstitusionele weg doodgeloop het nie.''



'N VOORBRAND PRODUK

TANS IN VIER

VERPAKKINGS:

GEEL — — — lig
BLOU — — middel
ROOI — — — populêr
GROEN — donkerpyp

Voorbrand Tabakmaatskappy (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200
JOHANNESBURG

BEVEG DIE KOMMUNISME!

Oproep van Kommandant-Generaal Teen Dreigende Gevaar

Die volgende Uniale omsendbrief insake die Kommunistiese gevaar is deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, uitgestuur:

Die Ossewabrandwag is deur en deur Afrikaans-nasionaal en as sodanig ken hy op politiek-ekonomiese gebied net een stelling: wat goed is vir die Afrikanerdom is reg en wat skadelik is vir die Afrikanerdom is sleg.

Ook die Kommunisme of Bolsjewisme nader hy vanuit hierdie standpunt.

Die feit dat ons Regering intussen 'n aktiewe bondgenoot van die kommunisme geword het verander aan die volksgevaarlikheid van die Kommunisme niks nie. Behalwe dat dit die gevaar verskerp.

Wanneer Afrikaanse Ministers saam met gesante van die Godlose Rusland en Joodse Rabbies op een verhoog verskyn om 'n loflied te sing op die saamspanning tussen Internasionale Kapitalisme en Internasionale Kommunisme — wanneer sulke anti-Afrikaanse betogings opelik en amptelik kan geskied, dan moet elke Afrikaner voel dat 'n anti-nasionale front van wêreldwye omvang ook in ons vaderland sy sektor gevorm het, 'n front wat g'n geloof ken nie en ook g'n ras of kleur nie.

Die antwoord, al is dit ook bloot by wyse van re-aksie, kan net tot die versterking van die nasionale en anti-kommunistiese front lei.

Passiviteit sou die onverskilligheid van die selfmoordenaar wees. En die Afrikanerdom is nie van plan om selfmoord te pleeg nie. Veral nie op die drempel van die Republiek nie.

Die Ossewabrandwag as Christelik-nasionale volksbeweging spoor dus alle Afrikaners aan om onverbiddelik en konsekwent die kommunisme wat in woord en daad anti-nasionaal en anti-Christelik is, te bestry en die Volksgenote se oë oop te maak vir hierdie wêreldpes wat nou van ampsweë in ons land welkom geheet is.

Ons is 'n Europese voorpos op 'n swart kontinent. Maar hoewel ons 'n Europese voorpos is, kan ons nie na Europa terug nie. Daarom gaan ons nie gedoog dat vaderlandlose mense, wat wel terug kan gaan en wel terug sal gaan as die storm bars, vir ons kom ondergraaf in ons eerste en laaste vaderland nie.

INTEKENGELD

Vir lede wat deur middel van kommando's inteken, is die intekengeld 4s. per jaar, en vir individuele intekenaars 7/6 per jaar. Alle geld en adresse moet gestuur word aan Voorslagmaatskappy, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

„IETS OM OOR NA TE DINK"

Die volgende paar vrae word deur Vrystater aan elke Afrikaner gestel:

Afrika roep u. Het u sy stem gehoor?

Daar is baie dapper Afrikaners. Is u een?

Twyfel het al baie bitterheid gebring. Moenie dat dit u skuld wees nie.

Die stryd vir Vryheid is groot. Gaan u help?

Daar is baie verraaiers. Moenie dat hulle u by tel nie.

Die bloed van u voorgeslag word gewreek. Help u?

Die Afrikaner gaan sy erfenis in besit neem. Wat van u?

Die krag van die jong Suid-Afrikaner is baie sterk. Is u daarby?

Die Vierkleur gaan wapper. Gaan u dit help optrek?

Daar is weer 'n vrye volk. Is u naam daarby?

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

Terme uiters billik.

Raadpleeg SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

La Belle Alliance

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

alle moderne geriewe

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

Ons Ontmoet alle Treine.

Kloofstraat, Kaapstad.

K·W·V

U Moet Hierdie BOTTELS Terugstuur

Weens die tekort aan bottels is dit nou vir u nodig om u leë K·W·V-reukwaterbottel na u handelaar terug te stuur voordat u verdere voorrade kan verkry.

Deur hierdie handelwyse te volg, sal u altoos daartoe in staat wees om K·W·V-reukwater te ontvang en u sal daartoe bydra om 'n belangrike Suid-Afrikaanse nywerheid aan te help.

K·W·V

(Koöperatiewe Wynbouersvereniging van Suid-Afrika, Beperk)
Die Paarl, K.P.

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerder:
H. J. NIEHAUS,
Posbus 2108, Kaapstad

KAROO KRAALMIS

Daar ek voortaan al my misstowwe aan mnr. J. van Rensburg van Graaff-Reinet lewer, wil ek my O.B. vriende wat in die verlede van my misstowwe bestel het, hartlik bedank vir hulle ondersteuning.

B. J. ROODE,

Posbus 15, Klipplaat.

VOLKSKAS IS U EIE BANK!



Fondse oorskry £1,800,000.

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN

DAMES-ROKKE

besoek

Steyns

PAROW SE NUWE MODERNE SAAK.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodigdhede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaartjie tot geleerde Dissertasies word onderneem.

HOU KOERS NA

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

Die Laan, Stellenbosch.

Nasionale Beweging In Suid-Amerika

Kan Demokrasie Vernietig Slegs as Duitsland Wen

In 'n artikel deur John C. Campbell, getitel ,,Political Extremes in South America'' wat onlangs verskyn het in die Aprilnummer (1942) van die tydskrif ,,Foreign Affairs, an American Quarterly Review,'' lees ons op bll. 532—533—(ons vertaal):—

,,As ons die programmas van al die nasionalistiese partye in Suid-Amerika punt vir punt met mekaar vergelyk, is dit opvallend in hoe 'n mate hulle ooreenstem, iets wat nie geheel en al aan die gelyksoortigheid van plaaslike omstandighede toegeskryf kan word nie. **Al hierdie partye repudieer die algemene stemreg, die parlementêre demokrasie, ekonomiese liberalisme, die Marxiste, die Jode en die invloed wat die Verenigde State uitoefen. Almal is ten gunste van orde, dissipline, die funksionerende organisasie van die staat, ekonomiese oorleg, die nasionalisering van oorsese ondernemings, die leierskap-beginsel en 'n staatkundige diktatuur. Almal is hewig gekant teen Brittanje en die V.S.A. en hoop dat die oorlog met 'n oorwinning vir die Spilmoondhede beëindig gaan word.**

Hierdie houding kan maklik verklaar word. Die ideologieë van al hierdie partye kan, afgesien van plaaslike omstandighede, grotendeels teruggevoer word tot 'n gemeenskaplike oorsprong, nl. Europese Fascisme. Die verset teen die oorheersing van die Groot Moondhede is vanselfsprekend 'n natuurlike ontwikkeling onder volke wat vervul is met tradisionele trots, maar materieel swak staan; dog die vorm wat die nasionalistiese partye aan dié verset probeer gee het, is in hoofsaak aan Europa ontleen. Hoewel hulle in die huidige stryd in die algemeen 'n ,,strenge neutraliteit'' as partykreet aangehef het, kies hulle noodwendig kant vir die régimes waaraan hulle ontstaan en lewenskrag te danke is.....

,,Een ding is seker: die nasionaalgesindes is daar ten volle bewus van dat hul eie lot met die eindbeslissing van die oorlog saamgesnoer is. Deur 'n oorwinning vir Duitsland kan hulle aan die bewind kom. 'n Oorwinning aan die kant van die demokrasieë sou egter vir hulle 'n slag wees waarvan hulle moeilik sou kan herstel. Indien die Spilmoondhede 'n neerlaag ly, sou die nasionalistiese partye minstens hul formules moet verander en moontlik hulle identiteit geheel en al verloor deur weer in die tradisionele konserwatiewe partye op te gaan.

Lyfstraf Weens Poging Tot Ontsnapping

Omdat hulle 'n poging aangewend het om uit 'n Fort te ontsnap deur twee bewaarders vas te bind en in die selle toe te sluit, is twee Afrikaners, Ignatius Leopold Ferreira en Johannes Jacobus Rokebrand, voorverlede Saterdag deur magistraat T. J. Carnie in Johannesburg veroordeel tot ses maande hardepad en ses houe elk.

Sover nagegaan kan word, is daar geen vorige geval waar blankes weens poging tot ontsnapping gevonnis is tot lyfstraf nie. Dit het selfs gebeur dat 'n misdadiger wat 'n bewaarder doodgeskiet het by sy ontsnapping niks erger as tronkstraf ontvang het nie.

Bydrae van O.V.S. direk:

	£	s.	d.
Kwitansie 2369	5	0	0
Kwitansie 2385	40	0	0
	£45	0	0

Bydrae van Natal direk:

	£	s.	d.
Kwitansie 2371	14	8	0
Kwitansie 2372	3	0	0
Kwitansie 2382	11	16	0
	£29	4	0

AMPER EENDERS

Hoe ampertjies die H.N. Party al soos die O.B. geword het — sy geaardheid en leiding naboots, blyk o.a. uit:—

Toe ,,Die O.B.'' in die lewe geroep is, het die Party se ,,Kruithoring'' verskyn, en daarop het meerdere nabootsings gevolg. Strydspanne, na die geaardheid van kommando's, is in die vooruitsig gestel. Erewagte (volgens adv. Erasmus ,,die grootdoenery'') het hul verskyning gemaak, gevolg deur ,,bevele'' en ,,volmag'' aan een persoon na die geaardheid van 'n ,,diktatuur''.

Maar nie sommer net erewagte nie, maar net soos by O.B.-funksies, erewagte in die gewraakte ,,witrokke'' — die witrokke waarteen die here Erasmus e.a. so geraas het. So het daar verlede week 'n ,,bevel'' uitgegaan in verband met 'n sekere strydspan-funksie dat al die erewagte in ,,witrokke'' (nie Voortrekker-snit nie, dus seker O.B.-patroon) moet verskyn!

Belangriker is dat dr. Malan die groen, oranje, wit en blou, die O.B.-vlag, in plaas van die geel kruithoring-vlag kragtens die ,,volmag hom verleen'' aanvaar het as die vlag wat hy gaan hys!

Omdat die Komdt.-generaal op 'n perd afgeneem is, het dr. Malan ook op die perd gaan sit en hom as ruiter-leier laat fotografeer!

En daarby, so word beduie, wil die Party nie net staat maak op die ,,stembriefie'' nie, nee, volgens Die Burger wil ook hy ,,enige metode aanwend wat omstandighede mag bepaal om die volk se vryheid te verkry.''

En om dr. Van Rensburg gelyk te bly, is daar ook nou 'n ,,kandidaat'' vir die setel Koffiefontein (interneringskamp). Kyk maar die Johannesburgse toespraak van dr. Malan waarin hy verklaar het dat hy nie ,,bang is vir die Noodregulasies'' en nou net so sê soos die O.B.-leiding, wat meer as 'n jaar gelede gesê het, dat hulle hul nie sal laat kommandeer nie.

Nog net vir ,,rampokkers'' het hierdie Partyleiers nog nie gekwalifiseer nie, ampertjies, ja, nee, dr. Malan beduie darem al dat die ,,rampokkers'' welkom is in sy spanne deur die mense in die tronke en kamp uit te nooi.

En ook die Party het mos 'n ,,held'', die man wat van sekere oortredings beskuldig was en uit die tronk uitgebreek het, Johannes van der Walt.

Die eintlike verskil wat nog bestaan is dus glo net dat die O.B. nie ook ontdekkers is van ,,Vrymesselaarsbriewe,'' ,,geheime pamflette'', en sulke valse en lasterlike ,,verklarings'' soos wat onder beskerming van die Parlement voorgelees is, en nie daarbuite herhaal durf word nie, mitsgaders al die persoonlike laster- en fluisterstories.

DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geinterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

	£	s.	d.
Reeds erken	3,573	5	10
Vroue-Kommando Porterville	3	17	2
Vriendin, Nooitgedacht Rondebosch	2	0	0
Aanvullend Lys 294, Manne-Kommando Montagu	1	17	0
Maandelikse offergeld Vroue-Kommando Aliwal-Noord	2	11	6
Maandelike offergeld Vroue-Kommando Stellenbosch	7	5	11
,,Pêrelklip''	9	0	0
Goudini Manne- en Vroue-Kommando	14	0	0
Loxton Manne-Kommando 3de Bydrae	5	0	0
,,Rampokker,'' Somerset-Wes	2	0	0
,,Kaniedoods,'' Mowbray	1	18	0
	£3,622	15	5

TRANSVAAL

Week geëindig 27 Junie

	£	s.	d.
Reeds ontvang van Transvaalse Kommando's	6,174	13	7
Kwitansie 2366 Kommando 3A2	1	2	6
,, 2367 Kommando 1C5	8	16	9
,, 2368 Kommando 3C3	1	2	6
,, 2370 Kommando 11C5	1	5	0
,, 2373 Generaalskap 6	15	11	6
,, 2374 Kommando 3A2	1	5	0
,, 2375 Kommando 4B5		10	0
,, 2376 Kommando 4B1	8	18	6
,, 2377 Kommando 1C1	18	17	6
,, 2378 Kommando 2A3	5	8	0
,, 2379 Kommando 3A3	4	0	0
,, 2380 Kommando 7C2	15	1	7
,, 2381 Kommando 7C2	12	11	0
,, 2383 Kommando 14C2	11	15	6
,, 2384 Kommando Bydrae	5	2	0
,, 2388 Kommando 2A4	1	6	8
,, 2389 Kommando 3C2	14	6	3
,, 2390 Kommando 2A2	1	5	0
	£6,302	18	10

FONDSDAGVIERING

van

GENERAALSKAP BLOEMFONTEIN

op 8 Augustus te

ESTOIRE

(Derde Hoef in Vierdelaan)

van 9 v.m. tot 9 n.m.

Braaivleis, ligte verversinge, jukskei, skyfskiet, toesprake, ens., ens.

KOM GENIET DIE FUNKSIE EN STEUN ONS SAAK!!

SIMPATIE

DIE Vroue-Kommando's onder genl. De Villiers, betuig hiermee innige meegevoel met kommandante en mnr. W. van Wyk van Fraserburg met die Heengaan van hulle seuntjie.

Namens Kommando's.

Mev. H. S. Brink, Hoof-Kommandante.

GEBOORTE

ELS. — Aan mnr. en mev. G. Els, Klipplaat, 'n fris O.B. dogter op 21 Junie 1942. Naas die Heer ons innige dank aan dokter en verpleegster.

GESELLIGHEID!!

'n GESELLIGHEID sal gehou word by die huis van **Veldkornet N. J. Oelofse, Judithstraat 1, Korsten,** op die 18de Julie 1942, om 4-uur n.m. Alle Afrikaners word hartlik uitgenooi om ons te ondersteun.

BETREKKING GEVRA

JONG AFRIKANER met 7 jaar ondervinding verlang 'n betrekking in enige Afrikaner besigheid. Getuigskrifte van gedrag, ens. kan verkry word. Skrywe aan **H. L., p/a. ,,DIE O.B.'', Posbus 1411, KAAPSTAD.**

BENODIG

NA Julie-vakansie, O.B. onderwyseres vir twee standerd I kinders. Afrikaans medium. Salaris £8 per kwartaal, vry inwoning. Meld kwalifikasies en ouderdom: Aan D. J. Pistorius, Coalbrook, O.V.S.

TE KOOP

LUCERN: 50 Ton gebaal. **Graad F.A.Q.** gewaarborg. teen £6 per ton. Gelewer op trok HAREFIELD SIDING. Kontant met Bestelling.

Skrywe aan:—

M. C. BOTHA, J.H./Sn.,
Draai van Visrivier, Commandagga.
Foon 913, MIDDLETON,

RAMME: **Stoet Persie ramme. Suiwer geteeld. Pryse billik!!** Tevredenheid gewaarborg. Besonderhede van **mej. M. van Druten, Hoofweg, Victoria-Wes.**

AARTAPPELMOERE:— Uitgeloopte **ARRAN CHIEF,** gewaarborg skoon, alle groottes. Prys 25/- per 160 lbs. op my stasie gelewer. Bestel dadelik. G. TERBLANCHE, UITKYK, GEORGE.

KAROO KRAALMIS

BESTEL vroegtydig en wees verseker van aflewering. Karoo Kraalmis, fyngemaal, geskik vir die gebruik met Kunsmistoestelle 27/- per 11 sakkie-ton. 10 ton en meer 26/-. In u eie sakke 17/-.

J. A. SCHOEMAN, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.

TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, vrugte en Rose. Besigheid 20 jaar ge-stabiliseerd. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.

RUDMANSE EDENVALE KWEKERY,
EDENVALE NATAL.

TE KOOP

1 3-SKAAR 12 duim **Moline Trekkerploeg** in goeie werkende kondisie. Prys £22-10-0. **1 Skottel Disc** vir Trekker. Skottels nog baie goed. Het agt nuwe busse nodig om te werk. Maak **,,Wild Boar.''** Prys £26. Teen hierdie pryse word dit weggegee. Kan gesien word by, of skrywe aan:— **J. G. KEMP, Bus 16, KIRKWOOD.**

MIELIES TE KOOP

Mielies (Gr. 5 en 6)	16/-
No. 1 Gemengde Mieliemeel	17/6
Ongesifte Geel Mieliemeel	16/6
Geel Gebreekte Mielies	16/9

V.O.S. Senekal. K.M.B. plus bankkoers. **W. J. DU PLESSIS (Edms.) Bpk., Posbus 108, SENEKAL.**

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

Posbus 660, JOHANNESBURG.

Waarom 'n mislukking van u boord maak? Of u 'n klein huis-boord, of 'n kommersiële boord van duisende bome aanplant, u verwag sukses!

Dit sal u loon om gebruik te maak van **HERHOLDT** se deskundige advies met die uitsoek van gewenste soorte. Ons geakklimatiseerde Vrugtebome word waardeer deur duisende tevrede klante vanaf Kaap tot aan Sambesi. — ,,Hulle sal beroemd wees in u boord.''

Skryf om ons gefillustreerde Katalogus en Plantgids wat 'n volledige lys bevat van die wêreld se beste vroeg, middelseisoen, en laat vrugtesoorte, en plaas u bestelling sonder versuim.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Lam, Stellenbosch.